5. TAALBELEID

INHOUDSOPGAWE

1. Missie van WNPS
2. Visie van WNPS
3. Huidige klassifikasie
4. Huidige tale van leer en onderrig
5. Tale en tydtoewysing per week
6. Proses t.o.v. hersiening van huidige beleid
7. Proses indien taalbeleid sou verander
8. Kommunikasie en assessering
9. Bevordering van veeltaligheid
10. Taalversoeke
11. Inskrywing van nuwe leerders

5. TAALBELEID:

1. MISSIE VAN WNPS

Die missie van die skool is die verskaffing van dinamiese, bekostigbare kwaliteitsonderwys om ’n gebalanseerde skool te skep waar opvoeding en onderwys vir alle rolspelers 'n genotvolle en sinvolle ervaring mag wees.

2. VISIE VAN WNPS

Om goed toegeruste leerders, wat te alle tye verantwoordelikheid vir hul optrede kan aanvaar, die wêreld in te stuur.

3. HUIDIGE KLASSIFIKASIE VAN WNPS

Enkelmedium met Afrikaans as voertaal.

4. HUIDIGE TALE VAN LEER EN ONDERRIG

Afrikaans	Huistaal
Engels	Eerste Addissionele Taal
Xhosa	Tweede Addisionele Taal

5. TALE EN TYDTOEWYSING PER WEEK

	AFRIKAANS	ENGELS	XHOSA
Graad 1	9 uur		1 uur
Graad 2	9 uur		
Graad 3	6 uur	4 uur	
Graad 4	3½ uur	3½ uur	
Graad 5	3½ uur	3½ uur	
Graad 6	3½ uur	3½ uur	
Graad 7	3½ uur	3½ uur	

6. PROSES T.O.V. HERSIENING VAN HUIDIGE BELEID

Jaarliks by die Beheerliggaamvergadering in die derde kwartaal sal hersiening van die beleid 'n punt op die agenda wees.

7. PROSES INDIEN TAALBELEID SOU VERANDER

Infasering sal plaasvind sonder dat enige huidige leerder se regte aangetas sou word.

8. KOMMUNIKASIE EN ASSESSERING

Huidiglik vind bostaande in die Huistaal, naamlik Afrikaans, plaas.

9. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

Xhosa as Tweede Addisionele Taal word vanaf 2018 in graad 1 aangebied. Hierdie vak sal in daaropvolgende jare uitgebrei word na die volgende grade. Grondslagfase onderwysers ontvang opleiding in die aanbied van die Tweede Addisionele Taal.

Indien die skool se begroting daarvoor voorsiening maak, sal 'n onderwyser aangestel word met die uitsluitlike doel om Xhosa as vak vir leerders vanaf graad 4 tot graad 7 te onderrig. Enkele handboeke t.o.v. Xhosa-taalonderrig is reeds beskikbaar.

10. TAALVERSOEKE VANAF OUERS/POTENSIËLE OUERS

Sodanige versoeke moet op skrif wees en sal liaseer word vir bespreking tydens die Beheerliggaamvergadering soos reeds gemeld.

11. INSKRYWING VAN NUWE LEERDERS

Hierdie dokument sal saam met die skool se gedragskode aan dié betrokkenes gegee word en 'n ontvangserkenning sal geteken moet word.

ONDERTEKEN TE **WORCESTER-NOORD** OP HIERDIE .....DAG

VAN .....

.....
VOORSITTER - BEHEERLIGGAAM

.....
SEKRETARESSE - BEHEERLIGGAAM